

GESKIEDENIS EN ARGEOLOGIE

Johannes du Bruyn
Universiteit van Suid-Afrika

Archaeological evidence, as a record of human activity, is fully as important as conventional history and should, therefore, be accorded a similar status. Indeed, archaeological researches are that much more important in a country like South Africa where the overwhelming part of the story of even relatively recent human activity lies in the prehistoric past.

AJB Humphreys

Vir die meeste historici behels argeologie bloot die opgrawing en klassifikasie van klippe, potskerwe en ou bene; argeoloë word gewoonlik as mense met bruin gebrande velle, sterk bene en min verbeelding gesien. Dié historici wat 'n oppervlakkige kennis van argeologie het, beskou dit nie as 'n selfstandige dissipline nie, maar hoogstens as 'n stel tegnieke. Hulle verwyt argeoloë dikwels dat hulle nooit verder as die tipering van artefakte kom nie; hulle vertolk hul gegewens selde en verloor die mens en samelewing uit die oog. Ironies genoeg beskuldig argeoloë, veral die sogenaamde "Nuwe Argeoloë", historici van min of meer dieselfde sondes: historici is feiteversamelaars wat 'n weersin in teorie, wette en modelle het; hul vak is net ideografies en kom nooit by "proses" en "struktuur" uit nie. Hierdie wedersydse verwylte kan aan gebrekkige kommunikasie en onkunde toegeeskryf word. Geskiedenis is lankal nie bloot 'n beskrywende wetenskap nie. En sedert die sestigerjare het veral 'n groep Amerikaanse argeoloë daadwerklik gepoog om hul vak te vernuwe en in 'n sosiale wetenskap te omskep — in so 'n mate dat hulle soms meer modelle gebou en wette geformuleer het as wat hulle artefakte opgegrave het. Historici en argeoloë bevraagteken mekaar se wetenskaplikheid en metodologie só dat hulle nie waarneem dat die twee dissiplines (as 'n mens inderdaad van twee afsonderlike dissiplines kan praat) die afgelope twee dekades nader aan mekaar beweeg het nie.

In Suid-Afrika is daar weinig kontak tussen historici en argeoloë; selde of ooit word gesamentlike navorsingsprojekte aangepak. Tog lyk dit asof argeoloë, die afgelope tyd toenemend historiese bronne benut om hul argeologiese gegewens aan te vul. Die nuutste argeologiese bevindings vind egter selde neerslag in Suid-Afrikaanse historici se werk. Dit is jammer, want in Suid-Afrika is Argeologie eintlik Geskiedenis — of behoort dit te wees.

Dit is egter nie net historici wat nog grootliks onbewus van argeoloë se bedrywigheide en bevindings is nie; ook die Suid-Afrikaanse publiek en overheid is nog in 'n hoë mate in die duister oor die vroeë Suid-Afrikaanse geskiedenis. Muwwe bene en potskerwe het in Suid-Afrika nie slegs argeologiese en historiese betekenis nie: dit het ook politieke implikasies.

1

Die studie van argeologie word tans hoofsaaklik deur twee benaderingswyse gekenmerk: Argeologie as die rekonstruksie van vergane kulture (kultuurhistoriese of "tradisionele" Argeologie), en Argeologie as die studie van kultuurproses (Argeologie as

sosiale wetenskap of Nuwe Argeologie). In die Verenigde State van Amerika het Argeologie en Antropologie as verwante vertakkinge van Amerindiaanse studies ontwikkel; in Europa en Brittanje het dit as "voorgeschiedenis" ontplooい wat die Europese geschiedenis na prehistoriese tye teruggeskuiif het. Baie Amerikaanse argeoloë beskou Argeologie as Antropologie, terwyl Britse argeoloë hul vak as 'n soort Geskiedenis sien.¹ In Amerika het Lewis Binford en sy volgelinge aan die begin van die sestigerjare die grondslag vir die Nuwe Argeologie gelê; en in Brittanje het David Clarke gepoog om met sy analitiese benadering Argeologie van Geskiedenis te bevry.²

Die Nuwe Argeoloë het in verset gekom teen tradisionele Argeologie, wat hulle as beskrywend, induktief en veral onwetenskaplik bestempel. Hulle wil nie slegs kulture rekonstrueer nie, maar verstaan en kultuurprosesse verklaar. Om hierdie ideaal te bereik, moet argeologie 'n wetenskap word: dit moet met hipoteses en modelle werk. Binford stel dit so: "I have suggested that facts do not speak for themselves; alleged inductivist approaches, which seek empirical generalizations, will not move us in the direction of explanation, and therefore understanding, of the facts observed. I have suggested that a self-conscious use of deductive methods is a prerequisite for scientific achievement ... Allow me to emphasize the point that scientific methods are designed to evaluate ideas. Science seeks to employ empirical materials in such evaluations. Thus, the problem that any scientist must understand is how one moves from ideas to facts or observations, and, in turn, how one may then relate the empirical findings back to ideas in an evaluative manner."³ Binford bepleit dus 'n deduktiewe werkwyse: 'n argeoloog moet sy opgrawingswerk met 'n idee of hipotese aanpak; die argeologiese bevindings moet dan benut word om die idee na waarde te skat. Hy gaan nog verder: as 'n hipotese die toets aan 'n reeks onafhanklike empiriese gegewens slaag, kan dit tot 'n wet verhef word.⁴

'n Begrip wat telkens in Nuwe Argeoloë se werk voorkom, is "proses". Hulle wil nie slegs op grond van die tipering en klassifikasie van artefakte 'n kultuur rekonstueer nie, maar streef daarna om die sisteem agter die artefakte te verstaan. Volgens hulle is kultuur 'n sisteem wat uit dinamiese, wisselwerkende komponente (byvoorbeeld sosiale status, ekonomiese, godsdiens, en so meer) bestaan; die argeologiese produk moet as 'n neweproduk van die werking (proses) van hierdie komponente gesien word. Flannery verduidelik hierdie opvatting soos volg: "The process theorist is not ultimately concerned with 'the Indian behind the artifact' but rather with the system behind both the Indian and the artifact: what other components does the system have, what energy source keeps it going, what mechanism regulates it and so on?".⁵

Argeoloë wat voortgaan om kulture volgens induktiewe metodes te rekonstrueer en nie aan die Nuwe Argeoloë se wetenskapsiese voldoen nie, word skerp gekritiseer. Hulle werk word as ideografies en daarom "histories" afgemaak; dié argeoloë word as "historici" bestempel — en dit word nie as 'n pluimpie bedoel nie. Binford en sy volge-

- B Trigger, "Anglo-American archaeology", *World Archaeology*, Vol. 13, No. 2, 1981, pp. 138–155.
- 2. SR & LR Binford (eds), *New perspectives in archaeology* (Chicago, 1968); DL Clarke, *Analytical archaeology* (London, 1968). Hierdie twee boeke bevat die belangrikste teoretiese grondslae van die Nuwe Argeologie.
- 3. LR Binford (ed.), *For theory building in archaeology: essays on faunal remains, aquatic resources, spatial analysis, and systemic modeling* (New York, 1977), pp. 1–2.
- 4. LR Binford, *An archaeological perspective* (New York & London, 1972), p. 118.
- 5. KV Flannery, "Culture history v. cultural process: a debate in American archaeology", *Scientific American*, Vol. 217, No. 2, August 1967, p. 120.

linge het nie huis 'n hoë dunk van historici nie: "Historians seem blissfully naive regarding their own thought processes and defend this innocence by scorning theory and philosophical problems of epistemology".⁶ Geskiedenis, insluitende kultuurhistoriese argeologie, verteenwoordig dus alles wat deur die Nuwe Argeologie beveg word: dit is beskrywend, verhalend, induktief, teorieloos en onwetenskaplik. Wat opval, is dat die Nuwe Argeoloë Geskiedenis gelyk stel aan historisme en die Duitse geskiedenisopvatting van die negentiende eeu. Wat hierdie argeoloë uit die oog verloor, is dat daar die afgelope twee dekades ook sprake van 'n "Nuwe Geskiedenis" is, 'n sosiale wetenskap wat eweneens daarna streef om die "sisteem" agter die dokument en gebeurtenis te verklaar, wat ook hipoteses en modelle benut, en wat baie waarde aan "proses" heg. Die tekortkominge wat die Nuwe Argeoloë in hul "onwetenskaplike" kollegas se werk kritiseer stem baie ooreen met dié wat die "Nuwe Historici" in tradisionele geskiedskrywing veroordeel.⁷ Trouens, die doelstellings van die Nuwe Argeologie kom só opvallend ooreen met dié van die moderne geskiedenisbeoefening dat 'n mens beswaarlik ingrypende epistemologiese verskille tussen die twee dissiplines kan aantoon.

Alhoewel die Nuwe Argeologie 'n ingrypende omwenteling in argeologiese studies meegebring het, het dit nie heeltemal daarin geslaag om Argeologie van Geskiedenis te skei nie. Baie argeoloë sien Argeologie steeds as 'n "historiese" dissiplinē, en kritiseer die Nuwe Argeoloë se verouerde siening van wetenskap en Geskiedenis. Vir hierdie argeoloë is die studieveld van Argeologie die verlede; Argeologie voorsien bloot spesifieke tegnieke om die verlede beter te verstaan. Iain Walker verklaar byvoorbeeld: "Archaeology is basically only a set of techniques used to produce evidence about man's past and thus add to his knowledge of history: it has nothing to do with 'science' except that it can and does fruitfully use scientific techniques to augment its accumulation of data."⁸ Die bekende argeoloog, Bruce Trigger, neem 'n meer versoenende houding in: volgens hom streef historici en argeoloë min of meer dieselfde doelstellings na. 'n Historikus kan nie 'n gebeurtenis of verskynsel sinvol bestudeer indien hy nie ook die sosio-ekonomiese milieu verstaan wat beslag aan die gebeurtenis gegee het nie. Insgelyks kan 'n argeoloog slegs die ontwikkeling van 'n kultuur verklaar as hy die sosiale, ekonomiese en politieke komponente agter die kultuur in berekening bring. Hy wys egter daarop dat die ontoereikendheid van argeologiese gegewens nie altyd 'n nomotetiese werkwyse moontlik maak nie. Dié ideaal kan veel beter verwesenlik word indien "lewende" gemeenskappe, waарoor genoeg etnografiese inligting beskikbaar is, bestudeer word. Nietemin, Trigger beskou Argeologie as Geskiedenis nie as 'n volwaardige wetenskap nie: "Die toekoms van argeologie is die verlede".⁹

Watter metodologiese verskille daar ook al tussen die Nuwe Argeologie en tradisionele Argeologie bestaan, argeoloë stem basies saam oor die uiteindelike oogmerke van argeologie. Volgens Binford, die bekendste segsman van die Nuwe Argeologie, het

6. Aangehaal deur IC Walker, "Binford, science, and history: the probabilistic variability of explicated epistemology and normothetic paradigms in historical archaeology" in RL Schuyler (ed.), *Historical archaeology: a guide to substantive and theoretical contributions* (New York, 1978), p. 235.
7. Kyk in hierdie verband GS Jones, "History: the poverty of empiricism" in R Blackburn (ed.), *Ideology in social science: readings in critical social theory* (Bungay, 1972), pp. 96–115.
8. Walker, "Binford, science, and history ..." in Schuyler (ed.), *Historical archaeology ...*, p. 235.
9. B Trigger, *Time and tradition: essays in archaeological interpretation* (Edinburgh, 1978), pp. 37–52.

Argeologie drie doelstellings: die rekonstruksie van kultuurgeskiedenis; die rekonstruksie van leefwyses; en die ontleding van kultuurproseses.¹⁰ Hiermee kan tradisionele argeoloë én historici nie fout vind nie – miskien wel met die metode waarvolgens hierdie doelstellings bereik word. Op die keper beskou, stem hierdie doelstellings baie ooreen met dié wat historici nastreef. Die klem val wel baie swaar op kultuur, maar in argeologiese en antropologiese verband is dit 'n baie omvattende begrip. Trouens, die ooreenkoms tussen die twee dissiplines is so opvallend dat 'n mens vermoed dat die verskille eerder tegnies as epistemologies van aard is.

'n Belangrike ooreenkoms tussen Geskiedenis en Argeologie is hul studieveld: albei bestudeer die menslike verlede. Die argeoloog gebruik dikwels natuurwetenskaplike hulpmiddels en tegniese vaardighede om hierdie doel te bereik, maar hy het steeds die mens in die oog. Albei dissiplines is op onvolledige gegewens aangewese om die verlede te rekonstrueer. Die argeoloog se gegewens is hoofsaaklik beperk tot harde, onverganklike materiaal wat op sigself nie 'n volledige beeld van die verlede gee nie. Gevorderde opgrawingstegnieke verseker wel in 'n hoë mate die blootlegging en behoud van meer argeologiese gegewens, maar die argeoloog voer voortdurend 'n stryd teen verwering en tegnologiese vooruitgang. Die historikus sit met 'n soortgelyke probleem. Eerstens word al die historiese gebeurtenisse nie gedokumenteer nie; tweedens bly alle dokumente nie behou nie; en derdens selekteer die historikus die oorblywende dokumente ooreenkomsdig sy belangstellingsveld en voorkeure.¹¹

Geskiedenis en Argeologie stem ook in 'n ander opsig ooreen: tans streef albei dissiplines daarna om die ontoereikendheid van hul materiaal teoreties aan te vul. Albei benut toenemend hipoteses en modelle – nie net om die verlede te rekonstrueer nie, maar om dit te verklaar.

Afgesien van die ooreenkoms tussen die twee dissiplines, oorvleuel hulle ook mekaar. Ofskoon argeoloë toenemend Historiese Argeologie as 'n selfstandige dissipline beskou, kan dit tog nie ontken word nie dat dié subdissipline 'n raakpunt tussen geskiedenis en argeologie verteenwoordig. Argeoloë en historici verskil oor die aard en omvang van Historiese Argeologie: historici is van mening dat dit Geskiedenis is wat alle beskikbare bronre gebruik om die verlede te herskep; argeoloë sien dit as Argeologie wat uiteindelik kultuurproses moet verklaar. Nietemin, Historiese Argeologie is die studie van menslike gedrag in die verlede op grond van die ontleding van sowel materiële oorblyfsels as historiese bronre (soos briewe, dagboeke, reisverslae, mondelinge oorlewing en dies meer). In Amerika het verskeie histories-argeologiese studies die afgelope tyd verskyn. Uiteenlopende onderwerpe en temas word behandel: onder meer die rekonstruksie van die leefwyse van groepe in 'n bepaalde omgewing en tydperk (byvoorbeeld grens- en minderheidsgroepe); prosesstudies oor akkulturasie, sosiale status, en die invloed van kolonisasie en selfs imperialisme; en "kognitiewe" studies oor die mentaliteit van groepe.¹² Historiese Argeologie lewer 'n unieke bydrae tot Geskiedenis; Kathleen Deagan som dit soos volg op: "These contributions result from historical archaeology's unique ability to simultaneously observe written statements about what people said they did, what observers said people did, and what the archaeological record said people did. Inconsistencies and inaccuracies in the records

10. Binford, *An archaeological perspective*, pp. 80–81.

11. Kyk in hierdie verband DP Dymond, *Archaeology and history* (London, 1974), pp. 75–76.

12. Kyk onder meer Schuyler (ed.), *Historical archaeology* ...; S South, *Method and theory in historical archaeology* (New York, 1977); S South, *Research strategies in historical archaeology* (New York, 1977).

of the past provided by written sources may be detected and ultimately predicted.”¹³

Tans word daar al hoe meer van die historikus verwag om “totaliteitsgeskiedenis” te beoefen, om al die bronne binne (en soms selfs buite) sy bereik te benut ten einde hierdie doel te bereik. Historiese Argeologie bied die historikus nie slegs nuwe bronne nie, maar ook ‘n aanvullende beeld van die verlede. Streng gesproke is Historiese Argeologie eintlik Geskiedenis; wat dit Argeologie maak, is sy tegniek.

Die verskille tussen Geskiedenis en Argeologie is minder opvallend as die ooreenkoms. ’n Basiese verskil tussen die twee vakgebiede is in die studiemateriaal geleë: argeoloë werk met fisiese voorwerpe wat van klein werktuie tot die omgewing insluit; historici werk hoofsaaklik met geskrewe dokumente. Die verskille in die aard van hul getuienis vereis verskillende werkwyse en metodes. Geskrewe dokumente is ’n direkte getuienis: dit is ’n eksplisiete gedagte-uitdrukking in geskrewe vorm. Artefakte is direkte getuienis van praktiese vaardighede en tegnologiese prosesse: ditwerp nie as sodanig lig op die mens se denke nie; die denke daaragter is implisiet en moet afgelei word.¹⁴ Daarby kan artefakte as “onbewuste” en “onwillekeurige” getuienis bestempel word: die vroeë mense het nie doelbewus hul gebruiksvoorwerpe as historiese getuienis vir die argeoloog agtergelaat nie. Die historikus gebruik dikwels historiese bronne wat doelbewus vir die nageslag opgestel is, soos onder meer outobiografieë, memoires en dagboeke.¹⁵ In ’n sekere sin is argeologiese getuienis dus meer betroubaar as dié waarop die historikus aangewese is. Maar aan die ander kant is argeologiese getuienis so beperk dat die argeoloog dit maklik verkeerd kan vertolk. Hierdie verskille tussen die twee dissiplines moet egter nie oorbeklemtoon word nie. Historici benut al hoe meer “neutrale” bronne en “indirekte” getuienis, soos onder meer registers, opgaafrolle, rekenings en fakture, weerkaarte en reënvalverslae, advertensies en selfs reseptel.

’n Ander verskil waarop dikwels gewys word, is dat geskiedenis dikwels oor persoonlikhede en individue handel, terwyl persoonlikhede in die argeologiese verslag in die algemeen anoniem bly. Voorts word aangevoer dat argeologiese gegewens inligting oor al die lae en klasse van ’n bevolking verstrek; historici, daarenteen, gebruik hoofsaaklik dokumente wat deur die heersende elite opgestel is. Om hierdie rede handel geskiedenis grootliks oor politieke en konstitusionele onderwerpe.¹⁶ Hierdie onderskeid tussen geskiedenis en argeologie is nie langer geldig nie. Historici skenk al hoe meer aandag aan sosiale en ekonomiese onderwerpe; dit gaan deesdae in die geskiedenis veral om die lotgevalle van die gewone man en die onderdrukte klasse. Trouens, baie historici volg die Nuwe Argeoloë se voorbeeld en veroordeel politieke, beskrywende geskiedenis as ’n uitgediende, verouderde en tradisionele vorm van geskiedskrywing.

Daar word ook soms aangevoer dat historici en argeoloë verskillende tydskale gebruik. Die historikus bestudeer gewoonlik ’n kortstondige gebeurtenis, ’n afgeronde tydperk en soms, in die geval van algemene werke, enkele eeue. Die argeoloog ondersoek dikwels kultuurveranderings wat oor eeue en millennia strek.¹⁷ Maar ook hierdie onderskeid hou nie heeltemal stand nie. Onder invloed van die bekende Franse

13. K. Deagan, “Avenues of inquiry in historical archaeology” in MB Schiffer (ed.), *Advances in archaeological method and theory*, Vol. 5 (New York, 1982), p. 171.

14. Dymond, *Archaeology and history*, pp. 16–20.

15. Dymond, *Archaeology and history*, pp. 78–79.

16. Dymond, *Archaeology and history*, pp. 80–85.

17. Dymond, *Archaeology and history*, p. 82.

historikus, Fernand Braudel, skenk historici buiten die kort tydperk tans ook aandag aan die "lang tydsuur".¹⁸

Die verskille tussen die twee dissiplines is so gering dat 'n mens nie anders kan nie as om Argeologie — of dit nou "oud" of "nuut" is — as Geskiedenis te bestempel. 'n Andersoortige geskiedenis wat tegniese vaardighede en ander metodes vereis — maar steeds geskiedenis. Dit behoort ook die geval in Suid-Afrika te wees.

2

In Suid-Afrika geniet Argeologie nie dieselfde aansien, gewildheid en selfs invloed as Geskiedenis nie. Argeoloë werk in die agtergrond en hul navorsingsresultate kom selde by die Suid-Afrikaanse publiek en historici uit. Af en toe haal opspraakwekkende ontdekings en bevindings wel die koerante, maar oor die algemeen strek die Suid-Afrikaanse samelewing se kennis van die vroeë Suid-Afrikaanse geskiedenis nog nie verder as 1652 terug nie. Onlangs nog het 'n oud-politikus in 'n brief aan 'n Sondagkoerant geskryf: "Die wêreld behoort te weet dat toe Suid-Afrika in 1486 ontdek is, die Portugese die eerste swartmense by Sofala in Midde-Afrika gesien het. Net die Hottentotte was hier, dus het hulle en hul afstammelinge reg op burgerskap in die Republiek."¹⁹ Kort daarna skryf 'n ander leser: "Ons is geleer dat die 'Bantoe' uit Sentraal-Afrika suidwaarts getrek het weens stamtwiste en -oorloë en min of meer op dieselfde tyd aan ons noordgrens beland het as wat die blankes aan die suide kom woon het."²⁰ Interessant genoeg beroep albei briefskrywers hulle op die geskiedenis: die een op die "regte" geskiedenisboeke wat hy gelees het; die ander op die geskiedenis wat sy geleer is. Die belangrike — en harde — werk wat Suid-Afrikaanse argeoloë veral gedurende die laaste twee dekades gelewer het, het inderdaad die publiek en baie historici verbygeaan.

Suid-Afrikaanse argeologie behels egter veel meer as die voorsiening van gegewens om burgerskap- en grondaansprake te bevestig of te weerlê. Van die begin van die sestigerjare af is werk gelewer wat in 'n hoë mate oorsese tendense weerspieël. Die studie van argeologie in Suid-Afrika word ook deur twee benaderingswyses gekenmerk: argeologie as kultuurgeskiedenis en argeologie as sosiale wetenskap. Tog wil dit voorkom asof Suid-Afrikaanse argeoloë hierdie benaderingswyses nie teenoor mekaar stel nie. Boonop ontken hulle nie die historiese ingesteldheid van argeologie nie: of argeologie nou kultuurgeskiedenis rekontrueer of kultuurprosesse ontleed — die uiteindelike oogmerk bly steeds geskiedenis. Dit blyk byvoorbeeld uit Humphreys se bewering dat "the prime aim in archaeology is the detailed study and explanation of patterns and processes discernable in the archaeological record with a view to drawing meaningful conclusions on the course of events in human history as preserved in the archaeological segment of the past."²¹ Inskeep lê nog 'n nouer verband tussen geskiedenis en argeologie: "In its broadest sense archaeology is a means of extending the study of history; to view the passage of man through time ..."²²

-
18. F. Braudel, *On history* (London, 1980), pp. 3–22.
 19. "Ons probleem is wat die buiteland lees", *Rapport*, 6.2.1983.
 20. "Skokkende opmerkings oor Afrikaner se mities", *Rapport*, 6.3.1983. Hierdie wanvoorstellings kom ook voor in amptelike inligtingstukke wat in die buiteland versprei word: kyk byvoorbeeld S Marks, "South Africa: 'The myth of the empty land'", *History today*, Vol. 30, Jan 1980, pp. 7–12.
 21. AJB Humphreys, "The relevance of archaeology in a modern world", *South African Museums Association bulletin*, Vol. 10, No. 1, March 1972, p. 14.
 22. RR Inskeep, "Archaeology and society in South Africa", *South African journal of science*, Vol. 66, No. 10, October 1970, p. 305.

Die argeologiese navorsingsveld lê nog so braak dat Suid-Afrikaanse argeoloë die meeste van hul tyd en energie aan opgrawings- en rekonstruksiewerk moet wy. Die navorsingsresultate is so yl en die afleidings so tentatief dat min argeoloë tot dusver hul hand aan teoretiese werk en sinteses gewaag het. Die verskyning in 1962 van RJ Mason se baanbrekerswerk oor die voorgeskiedenis van Transvaal het 'n era van vertolkende argeologie in Suid-Afrika ingelui.²³ Sedertdien het verskeie argeoloë werke gelewer waarin hulle nie slegs artefakte tipeer nie, maar ook aandag skenk aan kultuurprosesse, vestigingspatrone, mens-omgewing-verhoudings en so meer. In studies oor die Laat-Steentydperk word veral aandag gegee aan die jagter-versamelaars se benutting van hulpbronne en seisoenmigrasies, soos blyk uit HJ Deacon se werk.²⁴ Een van die interessantste werke wat onlangs verskyn het, is RM Derricourt se streeksargeologiese studie van die vroeë inwoners van die Cis- en Transkei. Sy studieveld sluit uiteenlopende vindplekke uit verskillende tydperke in; dit stel hom in staat om verandering, stabilitet en die wisselwerking tussen verskillende bevolkingsgroepe in 'n "interaksiestreek" oor 'n lang tydperk aan te toon.²⁵

Van groot belang vir historici is Mason se navorsing oor 'n goed bewaarde Vroeë Ystertydperk-nedersetting naby Broederstroom: dit gee die historikus 'n aanduiding van hoe Negroëd-mense van omstreeks 350 tot 600 n.C. geleef het.²⁶ 'n Werk wat groot moontlikhede vir die studie van die Sotho-Tswana se geskiedenis inhoud, is Maggs se studie oor Ystertydperk-gemeenskappe van die suidelike hoëveld. Op grond van die ontleding van vestigingspatrone, boustyle en historiese bronne toon hy onweerlegbaar die verwantskap tussen die vroeë inwoners van dié streek en die Sotho-Tswana aan.²⁷ 'n Ander argeoloog wat werk van historiese belang gelewer het, is Martin Hall. Sy ekologiese benadering hou groot moontlikhede vir geskiedenis in — veral sy siening van die omgewing: volgens hom is dit nie 'n deterministiese struktuur nie, maar 'n veranderlike wat in wisselwerking met ander veranderlikes, veral die ekonomie, is.²⁸

Hierdie navorsing oor die Suid-Afrikaanse Ystertydperk het nog nie deel van die Suid-Afrikaanse geskiedenis geword nie. Die navorsingsresultate lê versprei in ontogganklike artikels en boeke waarvoor daar nie juis 'n groot aanvraag is nie. Dié toedrag van sake kan aan verskeie redes toegeskryf word.

Min Suid-Afrikaanse historici stel in die vroeë Suid-Afrikaanse geskiedenis belang. Boonop sien hulle steeds geskiedenis as dokumentestudie. Dit impliseer dat die Suid-Afrikaanse geskiedenis die oomblik begin toe die eerste geskrifte die lig gesien het. Dié eng siening van die omvang van die Suid-Afrikaanse geskiedenis blyk veral uit die samestelling van algemene geskiedeniswerke: tans is daar nie een boek wat ruimte aan die vroegste geskiedenis afstaan nie.²⁹ Historici is in 'n veel beter posisie as argeoloë om

23. R Mason, *Prehistory of the Transvaal: a record of human activity* (Johannesburg, 1962).

24. HJ Deacon, *Where hunters gathered: a study of Holocene Stone Age people in the Eastern Cape* (South African Archaeological Society monographs, series no. 1, 1976).

25. RM Derricourt, *Prehistoric man in the Ciskei and Transkei* (Cape Town & Johannesburg, 1977).

26. RJ Mason, "Early Iron Age settlement of Southern Africa: Broederstroom 24/73 Brits District, Transvaal", *South African journal of science*, Vol. 69, Nov. 1973, pp. 324–326; "Early Iron Age settlement at Broederstroom 24/73, Transvaal, South Africa", *South African journal of science*, Vol. 77, Sept. 1981, pp. 401–416.

27. TM O'C Maggs, *Iron Age communities of the southern highveld* (Pietermaritzburg, 1976).

28. M Hall, "The ecology of Iron Age Zululand", unpublished PhD thesis, Cambridge University, 1980.

29. Aanvanklik het M Wilson & L Thompson (eds), *The Oxford history of South Africa*, Vol. I (Oxford, 1969) 'n "argeologiese agtergrond" bevat. Daar is in die nuwe uitgawe, *A history of South Africa to 1870* (Cape Town, 1982) weggelaat, omdat dit verouderd is.

argeologiese bevindings en kennis te versprei. As hulle nie bereid of in staat is om hul leerplanne én publikasies ooreenkomsdig die nuutste argeologiese bevindings te wysig nie, sal dié kennis beswaarlik by studente, leerlinge en die publiek uitkom.

Historici moet egter nie alleen verkwalik word nie: argeoloë stel nie altyd hul bevindings in 'n verteerbare vorm tot die historikus se beskikking nie. Baie argeologiese publikasies is tegnies en gedetailleerd, en bestaan grootliks uit die klassifikasie van artefakte en lang lyste ontledings van fauna- en flora-reste; die gevolgtrekkings is dikwels versigtig en voorlopig. Boonop wil dit voorkom asof argeoloë self huiwerig is om op grond van bestaande navorsing algemene studies aan te pak. In 1978 het daar egter 'n algemene oorsig van die nuutste argeologiese navorsing verskyn; dit kan met groot vrug deur historici benut word.³⁰

In vergelyking met die vooruitgang wat prehistoriese argeologie die afgelope dekade gemaak het, toon histories-argeologiese navorsing in Suid-Afrika weinig vordering. Die enkele studies wat tot dusver verskyn het, is uitsluitlik die werk van argeoloë; historici het nog geen bydrae tot hierdie "interdiscipline" gelewer nie. Dit is jammer, want die beoefening van Historiese Argeologie vereis eintlik die noue same-werking tussen argeoloë én historici.

Dit wil voorkom asof daar onsekerheid oor die studieveld van Historiese Argeologie in Suid-Afrika bestaan: is dit uitsluitlik die studie van fisiese oorblyfsels wat Blankes agtergelaat het, of sluit dit die Laat-Yster tydperkgemeenskappe in wie se geskiedenis in geskrewe historiese bronne neerslag gevind het? HF Sentker beperk die studieveld van Historiese Argeologie tot die Blankes se vestiging en uitbreiding in Suid-Afrika: "We are here concerned with the recovery and interpretation of relics left in the ground in the course of Europe's discovery of South Africa, and the spreading of European settlements along the Eastern Coast and subsequently into the interior."³¹ Hierdie siening is te eng. Die ras van 'n bevolkingsgroep moet nie as uitgangspunt vir die omlyning van Historiese Argeologie se studiegebied dien nie, eerder die aard van die gegewens wat die argeoloog benut. Wanneer hy sowel materiële oorblyfsels as geskrewe bronne ontleed om menslike gedrag in die verlede te verklaar, beoefen hy Historiese Argeologie. Of dié mense nou wit of swart was, is nie ter sake nie. Dit is ook die benadering van Mason, 'n argeoloog wat vroeg reeds belangrike aanvoerwerk in Historiese Argeologie gedoen het. In die sestigerjare het hy met behulp van argeologiese opgrawings en dokumentestudie die Hurtshe-nedersetting, Kaditshwene (1820), die Thaping-nedersetting, Dithakong (1801 – 1812), en Makwassie-sendingstasie (1823 – 1825) gelokaliseer.³² Dit is onbekend of Mason hierdie navorsingsprojekte voortgesit het. Werk wat hierby aansluit, is Parkington en Cronin se studie oor die grootte en uitleg van Mgungundlovu.³³ Hierdie soort navorsing toon hoe nou die verwantskap tussen Geskiedenis en Argeologie eintlik is. Meer nog, dit dui op 'n bereidwilligheid van argeoloë om historiese onderwerpe te ondersoek. Historici is egter minder geneë om hul hand aan argeologiese of selfs histories-argeologiese studies te waag.

30. RR Inskeep, *The peopling of Southern Africa* (Cape Town & London, 1978).

31. HF Sentker, "Archaeology and South Africa", *Unisa: Yearbook of the University of South Africa*, 1967, p. 22.

32. RJ Mason, "Prehistory as a science of change — new research in the South African interior" (unpublished presidential address to South African Archaeological Society, Aug. 1967), p. 16.

33. J Parkington & M Cronin, "The size and layout of Mgungundlovu 1829 – 1833" in NJ van der Merwe & TN Huffman (eds), *Iron Age studies in Southern Africa* (The South African Archaeological Society, Goodwin series no. 3, 1979), pp. 133 – 158.

Suid-Afrikaanse historici en argeoloë streef dieselfde doel na: die rekonstruksie en verklaring van die Suid-Afrikaanse verlede. Wat hulle van mekaar skei (vooroordele daargelate), is metodiek en die aard van hul onderskeie bronne. Daar kan seker nie van historici verwag word om self al die argeologiese tegnieke te bemeester nie; hulle kan wel leer hoe om argeologiese navorsingsresultate te benut.

3

Eintlik behoort dit onnodig te wees om op die waarde van Argeologie vir Geskiedenis te wys: in Suid-Afrika is Argeologie immers Geskiedenis. Tog word Argeologie nog grootliks as die studie van "prehistorie" of "voorgeschiedenis" gesien. Die "voor" kan op twee dinge dui: voor die koms van die Blankes na Suid-Afrika, of voor die mense in Suid-Afrika begin skryf het. Die toepassing van die "skrifbeginsel" vereng nie net die Suid-Afrikaanse geskiedenis tot die onmiddellike verlede nie; dit laat baie Suid-Afrikaners geskiedenisloos — net omdat hul voorouers nie kon skryf nie. Argeologie kan die historikus help om sy "nageschiedenis" met "voorgeschiedenis" aan te vul, en so-doende 'n meer volledige geskiedenis van Suid-Afrika tot stand te bring. Meer nog, dit kan die historikus se historiese perspektief verbreed en die besef by hom tuisbring dat "nageschiedenis" inderdaad 'n baie kort geskiedenis is.

Op 'n meer praktiese vlak kan die historikus baat vind by argeologiese metodes en temas. Tegnieke wat argeoloë aanwend om by die prosesse agter die artefakte uit te kom, hou moontlik belofte in vir historici wat daarna streef om die "strukture" agter die dokument te verstaan. Voorts het Suid-Afrikaanse argeoloë belangrike werk oor vestigingspatrone, bevolkingsverspreidings en ekologiese onderwerpe gelewer. Hul bevindings kan miskien van waarde wees vir historici wat oor soortgelyke onderwerpe navorsing doen. Wilderson som die waarde wat Argeologie in hierdie verband vir Geskiedenis inhou, soos volg op: "Archaeology will not provide final answers to many historical questions, but one of its most important functions will be to raise new questions which will send historians in search of new answers."³⁴

Argeologie kan historici se opvattinge oor tyd en verandering wysig: dit kan die aandag op stabilitet en langsame, geleidelike verandering in die verlede vestig. Historici konsentreer soms so op kortstondige, dramatiese gebeurtenis, tydvak of epog dat hulle die onderstrominge van die verlede miskyk.

In die geskiedskrywing val die klem toenemend op materiële kultuur en vergane leefwyse. Vir dié soort geskiedenis het Historiese Argeologie onontbeerlik geword. Die moontlikhede wat hierdie vakgebied vir Suid-Afrikaanse historici inhou, is oneindig en selfs opwindend: dit kan lig werp op kultuurkontak tussen grensgemeenskappe; die uitleg van en leefwyse in ou dorpe (byvoorbeeld Soutpansberg); die inrigting van die boerewoning; en selfs die mentaliteit van groepe en gemeenskappe.

Maar in die laaste instansie lê die waarde van argeologie vir geskiedenis in die feit dat dit *geskiedenis is*: daarsonder kan nie 'n geheelbeeld van die Suid-Afrikaanse verlede gevorm word nie. Om dié rede kan daar in Suid-Afrika nie sprake van 'n verhouding tussen Geskiedenis en Argeologie wees nie — al asof hulle twee afsonderlike dissiplines is, maar wel van Argeologie as Geskiedenis.

34. PW Wilderson, "Archaeology and the American historian: an interdisciplinary challenge" *American quarterly*, Vol. XXVI, 1975, pp. 115–132.